ELKE GESPREK MAAK SAAK

Kinderbeskermingsweek 29 Mei – 5 Junie 2025

By die CMR Noord glo ons in gesels – ons gee kinders en gesinne die geleentheid om te praat. Om te vertel wat werklik in hulle lewens gebeur. Ons glo elke gesprek dra by om hulle veilig te hou en te ondersteun. Want vir ons maak elke kind saak.

As 'n toevlugsoord vir kinders en gesinne in nood, staan ons mense by wanneer hulle die lewe se moeilikste oomblikke trotseer. Ons is daar – in huise, skole en gemeenskappe – oral waar 'n kind 'n horende oor en 'n veilige ruimte nodig het om openlik te gesels.

Ons vier met oorgawe vanjaar se tema vir Kinderbeskermingsweek:

"Elke gesprek maak saak."

Lees verder >>

Hoekom? Want woorde kan beskerm. Gesprekke kan genees. Om te praat – regtig te praat – kan lewens red.

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het 'n landwye kinderbeskermings-program van stapel gestuur om kindermishandeling te beveg, ná kommerwekkende statistieke onthul het dat meer as 26 000 gevalle van kindermishandeling en -verwaarlosing in die 2024/25-boekjaar aangemeld is.

Lees verder >>

Hoekom gesprekke saak maak

Kinders het dikwels nie die taal om te verduidelik wanneer iets vir hulle verkeerd vóél nie. Daarom is volwasse bystand nodig om kinders te help om hulleself reg uit te druk en vir hulle 'n ruimte te skep vir gesprekke wat eerlik, vriendelik, veilig en openlik is.

Hierdie gesprekke:

- Help ons om tekens van mishandeling, trauma of verwaarlosing betyds raak te sien.
- Bou vertroue tussen kinders en volwassenes.
- Moedig tydige ondersteuning en ingryping aan.
- Herinner ons daaraan dat kinderbeskerming elkeen se verantwoordelikheid is.

Wie moet praat?

Elkeen het die potensiaal om 'n kind te beskerm:

- **Kinders en ouers/versorgers:** dit is waar vertroue begin.
- **Vriende wat met vriende praat:** want geen kind hoef alleen te voel nie.
- **Onderwysers en mentors:** betroubare volwassenes wat luister en lei.
- **Bure en families:** 'n sorgsame gemeenskap vorm 'n beskermende grens.
- **Gesinne en professionele persone:** saam vind ons die regte hulp op die regte tyd.

Wat ons by CMR Noord doen

As 'n geregistreerde Kinderbeskermingsorganisasie lewer ons meer as net 'n diens – ons is 'n **toevlugsoord vir kinders en gesinne**. Gedurende hierdie week, en elke week, is ons span op die grond:

- Ons praat by skole en kerke om bewusmaking te verhoog.
- Ons bemagtig ouers en versorgers om gesonde, betekenisvolle gesprekke te voer.
- Ons bied berading en ondersteuning aan gesinne wat swaar kry.

CMR Noord in aksie

Foto bo: *In klasterapie-sessies help die maatskaplike werkers kinders om hul emosies te benoem.*

Die CMR Noord ondersteun kinders om hul emosies te verstaan, sosiale vaardighede aan te leer, en hulself op 'n gesonde en selfversekerde manier uit te druk.

Dit begin by jou. En dit begin met gesprekke wat saak maak.

(Foto bo: Kinders se gesiggies word verskans om hulle indentiteit te beskerm. Ander foto's is illustratief.)